Christus is ons Koning voor wie ons met blydskap buig en op Wie ons hoopvol wag!

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 428: 1,2,3
Sb 6 - 1: 1,3,4,5.

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps 47 - 2: 1,2
Votum: Open 22: 12
Jesus sê toe weer: "Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het. [13]Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.

Seën
Lofsang Ps 48 - 2: 1,3
Gebed.

Woorddiens
Skriflesing: Psalm 47
Handelinge 1: 9 - 11.
Belydenis: Sondag 19 van die Heidelbergse Kategismus, vr en antw 50 en 51.
Sing Ps 47 - 1: 3 en 4
Woordverkondiging.

Antwoorddiens
Gebed
Liefdegawes
Gebed vir BnB
Sing Sb 20 - 2: 1,3,4,5
Seën
Amenlied Sb 13-3.

Geliefde broeders, susters en kinders 1.

By die lees van Ps. 47 sal ons vanaand waarskynlik nie die opgewondenheid en blydskap van die digter deel nie. Dit is vir ons moeilik om te verstaan waaroor al die uitbundige feesviering en opgewondenheid gaan. Selfs al sou ons vir mekaar sê dat hierdie psalm geskryf is by die geleentheid toe Dawid, na 'n oorwinning oor die Filistyne, uiteindelik die Ark van die Here vir die eerste keer na Jerusalem toe gebring het om daar op die berg Sion 'n erestaanplek te kry. Die volk was buite hulleself van blydskap en trots en dankbaarheid. Die Here is in Jerusalem – dit is voorwaar ‘n wonderlike dag!

Miskien sal ons iets daarvan verstaan as ek dit mag vergelyk met dit wat ons as land in 1995 beleef het met die legendariese eerste wen van Rugby Wêreldbeker. Net om iets van die atmosfeer vas te vat!
Min mense het in 1995 gedink dat ons span die paal sou haal. Gewoond aan die nederlae van die verlede, met min vertroue in onsself en in ons span, kon ons byna nie ons oë glo toe die Springbokke 'n skitterende oorwinning oor 'n gedugte ‘opponent behaal nie. Na die wedstryd kon jy die vreugde en genoegdoening van die mense op straat aanvoel. Mense het partytjie gehou, mekaar gebel en gepraat: het jy gesien! Dit was wonderlik! 'n Gevoel van volkstrots en eie waarde het oor die land gespoel. Almal was bly en in ekstase en dit het elke mens in die land bereik.

I**ets hiervan maar nog baie intenser het die volk Israel beleef!** Intenser omdat dit op 'n diep geestelike vlak gebeur het en ‘n saak van diep geloofverwagting was en nie maar net 'n wêreldse spel nie. Dit is hierdie gevoel wat die psalmdigter vir ons wil deurgee wat Israel op daardie dag gevoel het toe Dawid die Ark van die Here na Jerusalem bring.

Die Ark: simbool van God se heerlike teenwoordigheid en krag in die midde van sy volk. Die houtkas met die Woorde van die Wet daarin. Van Sinai tot in Israel het God hulle gelei met die Ark wat voor hulle uitgedra is. Toe die priesters se voete die water van die Jordaanrivier raak, het die water voor hulle oopgegaan en kon hulle die beloofde land inneem.

Veldslag na veldslag het God hulle met die Ark begelei. Daar was ook nederlae omdat ongeloof hulle oorval het. Die Ark het selfs in die vyand se hande beland, maar God laat dit terugkom sonder enige hulp van sy volk. En toe stuur die Here vir Dawid. 'n Diep gelowige en sterk leier vir sy volk wat met oorwinning na oorwinning die vyand verslaan het totdat hy ook vir Jerusalem, die groot en byna onoorwinlike stad op die berg Sion ingeneem en dit sy vesting gemaak het.

Die volk was in ekstase! God is vir ons goed het hulle gesê: Hy het sy beloftes gestand gedoen en dit is alles besig om nou vir ons in vervulling te gaan. 'n Eie

wonderlike land, 'n koning wat deur die Here geseën word. 'n Onoorwinlike, pragtige stadvesting met paleise, toringtranse, sterk vestingmure op 'n berg.

En dan die wonderlike dag van Ps. 47: Dawid bring die Ark na Jerusalem. Br. en sr. in die oë van die volk was dit asof God sy troon in Jerusalem bestyg. Hy gaan teen die berg op as oorwinnaar van sy volk se vyande. Hy gaan neem sy troon in en heers as Koning oor die hele wêreld. Lees weer verse 6 - 9.(Lees dit)

Ja, geliefdes, hierdie psalm sing van ‘n groot Koning wat sy troon inneem en is profesie van Christus as Koning wat met die Hemelvaart die troon bestyg het en voor wie ons buig en op wie ons wag

Sing, klap met die hande, juig, sing tot eer van die Koning van die wêreld. **Die vergesigte van hierdie psalm word dan ook vervul met Jesus se Hemelvaart.** Hy wat teen die berg opgeklim het met sy dissipels en voor hulle oë opgevaar het na die hemel om daar aan die regterhand van God as Koning oor die hele wêreld te regeer.
Die Kategismus leer dat God Hom daar laat sit het sodat almal kan sien Hy is die Koning van sy kerk! Maar ook koning oor die wêreld deur wie God regeer!

Hy wat sy volk se vyand, die duiwel aan die kruis en met sy opstanding oorwin het en opgevaar het na die hemel om daar die ewige erfenis vir sy volk voor te berei. Met sy hemelvaart **<u>het Christus sy Koningskap oor die hele wêreld bevestig en ons kon dit die week weer dankbaar herdenk</u>**! Maar meer nog: die woorde van die engele aan die dissipels was 'n belofte dat Hy weer so sal terugkom om sy heerskappy vir ewig in die nuwe Jerusalem van Open. 21 te vestig.

Oor hierdie groot koning wat sy plek op die troon inneem, sing Ps 47!

W**atter betekenis het hierdie heerlike troonsbestyging van Christus dan op ons vandag wanneer ons in hierdie dae die Hemelvaart herdenk? Hoe moet ons vandag op hierdie boodskap reageer? Kom ons kyk na 3 toepassings vir ons lewe vandag.**

Psalm 47 sê in die eerste plek in vers 7: Sing tot eer van “**<u>ons</u>**” Koning! Ja identifiseer jouself met hierdie Koning: Hy is ons Koning, Hy is my Koning! Alles wat Hy gedoen het, het Hy vir my gedoen. - vir my sonde het Hy betaal, vir my tree Hy nou in by die Vader in en bid vir my! Vir my is Hy besig om ‘n plek in die ewige heerlikheid voor te berei!
Ja, br. en sr., Hy, hierdie grote Wêreldkoning is deur die geloof <u>ook jou en my koning.</u> Eien dit wat Hy gedoen het vir jou in die geloof toe.
Kan jy vanaand ook met opgewondenheid erken en bely dat Jesus Christus jou groot Koning is?

Miskien kan ons grootmense in hierdie opsig by ons kinders leer! Hulle fantaseer oor rolprent- of TV-helde en word baie opgewonde as daardie helde groot reddingsdade op die skerm uitvoer!! Net so opgewonde moet ons oor Christus ons Koning wees! Hy is immers nie ‘n karakter in ‘n storie nie maar ware Koning van die wêreld wat met werklike krag ons lewens red en ons met wonderwerke in stand hou! Hy red en bewaar die wêreld met sy krag en daarom moet Jesus ook by ons hierdie vertroue en opgewondenheid by ons opwek!

Geliefdes, met hierdie psalm wil God dat ons met net soveel vreugde en opgewondenheid met Jesus as ons Koning identifiseer en ons hoop en verwagting op Hom bou. Daar is geen ander koning en niemand anders in hierdie wêreld in wie se hande my lewe is nie! Dit is net Hy en Hy alleen! **Buig voor jou koning en dien Hom met blydskap!**

Die tweede manier wat ons uit Ps. 47 kan aflei oor hoe Christus se Hemelvaart vandag ons lewe beinvloed, is: as jy met hierdie Koning identifiseer: lewe dan met blye aanbidding. Die hele psalm is ‘n psalm van vreugde oor die Koning en sy regering!

Brs. en srs, swaarmoedigheid en bekommernis is taktiek van die duiwel om die oorwinning van ons Koning in die skadu te stel. Daarmee probeer hy ons onder sy beheer bring! **Maar God is Koning en by ons pas blye aanbidding!**
Blye aanbidding. Ja, hier waar ons by mekaar kom om Hom te ontmoet. Om vreugde in die Here te hê. Daar was daardie dag 'n kerkfees soos min in Jerusalem. Dawid het voor die ark gedans van vreugde. Hy het kos en lekkernye aan die volk laat uitdeel en psalms is tot eer en in aanbidding van die Here gesing.

Br en sr., met die besef van wat ons Koning vir ons gedoen het, onder die indruk van God se genade en met die krag van die Heilige gees: moet daar in elke gelowige se lewe blye aanbidding wees. Aanbidding hier in die erediens ! As ons sing - ek sing vir die Here, as ons bid: blye aanbidding want ons praat met die koning van die wêreld. Hier deel ons met mekaar die vreugde van ons oorwinning in Christus - net soos ons met die springbokke se oorwinning die vreugde met mekaar gedeel het.

Maar nie net blye aanbidding in die erediens nie! Ons hele lewe is mos erediens aan die Here –dat ons hierdie vreugde saam met ons kan indra in ‘n wêreld vol vrees, kommer en angs! Dat ons die oorwinning van Christus en sy heerskappy met vreugde verkondig om so ook vreugde met die wêreld te deel en hulle tot aanbidding te bring.

Die derde riglyn vir ons herdenking van Hemelvaartdag lê in vers 10: Ons mag leef met 'n toekomsvisie: Die Here kom weer!

Nie al die volke was al aan Dawid onderwerp op hierdie stadium in die volksgeskiedenis nie, maar die digter sien God reeds al as oorwinnaar oor almal. Hy sien die finale oorwinning in die verte!
Daar is nog baie veldslae wat gelewer moet word voor dat ons Koning weer terugkeer. Daarvan leer die Here ons in die boek Openbaring! **Maar met die toekomsvisie van 'n versekerde oorwinning pak ons dit in die geloof aan en leef ons met ons oë op die horison: die Here Jesus kom weer!**

Brs en srs, met hierdie toekomsvisie is ons lewe nie een sloergang van dag tot dag nie, maar ‘n oorwinningstog waarin almal wat in Christus glo, deel. **Met die wete dat die koning weer kom kan ons leef en werk en hoopvol wag totdat Hy weer kom!**
Ons laat nie toe dat dit wat bose aardse magte en die boosheid van die Satan ons onderkry nie. Die Kategismus leer ons mos in Sondag 51 dat hierdie Koning ons bewaar teen die Satan en sy magte! Niks kan ons uit sy hand ruk nie!

Daarom kyk ons nie vas teen aardse dinge nie! Ons laat nie toe dat aardse leiers, politici en aardse magte ons ontstel asof hulle in beheer is nie! Nee – ons weet Jesus regeer en Hy kom om sy oorwinning finaal aan ons te kom oorhandig sodat ons saam met Hom kan regeer!

En die dag as Hy weer kom sal daar oor Hom ‘n vreugde en ‘n gejubel uitbreek soos nog nooit gehoor is nie! Daardie dag wanneer die ganse skeppingskoor uitbreek tot eer van God: Ons lees daarvan in Open 5: [11]Toe het ek rondom die troon en die lewende wesens en die ouderlinge ’n groot menigte engele gesien. Daar was duisende der duisende, ja, miljoene der miljoene. Ek het hulle hard hoor [12]uitroep: “Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang.” [13]Die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is, het ek hoor sê:
“Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer,
die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid.”
[14]Die vier lewende wesens het gesê: “Amen!” En die ouderlinge het gekniel en God aanbid.

Mag die Here gee dat Hemelvaart ons weer opnuut voor Christus as ons Koning laat buig, dat ons Hom met blydskap sal aanbid en hoopvol wat op sy terugkeer!

Amen.